## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenzisiwa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 25 JANUARIE 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van Gemeenskapsdienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JN Engelbrecht | : | Direkteur Tegniese Dienste - waarnemend |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/01/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Interne Ouditeur wat terug is van kraamverlof.

Die Voorsitter reël 'n minuut van stilte ter nagedagtenis aan Me. Cathy Marthinus, 'n tydelike werker wat werksaam was in die Tegniese Direktoraat Porterville, wat skielik vanoggend oorlede is.

***

**BKN002/01/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Tegniese Dienste – vakansieverlof

***

**BKN003/01/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/01/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 12 DESEMBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 12 Desember 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**BKN005/01/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/01/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens alle Raadslede en Amptenare 'n voorspoedige nuwejaar toe en lig die Komitee in van die heengaan van Me. Cathy Marthinus, 'n tydelike werker wat werksaam was in die Tegniese reinigingsafdeling, Porterville;
- Dat die vergadering van die "Party Liaison Committee" (PLC) van die OVK gehou op Woensdag 24 Januarie 2018 nie goed bygewoon is nie, en dat adres-versameling op 10 en 11 Maart 2018 sal plaasvind in al 24 steundistrikte in Bergrivier Munisipaliteit van 08:00-17:00; en
- Dat die nodige opleiding vir die OVK personeel binne die volgende maand gedoen sal word.

***(Die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling sluit aan om 10:03)***

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder vir die goeie leiding geneem in 2017 en bedank almal vir die goeie werksverhouding tussen die Raad en die Administrasie.

***

**BKN007/01/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN008/01/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN009/01/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN010/01/2018**
**MONITERING WATERKRISIS: VERDERE WATERBEPERKINGS AFGEKONDIG 12 JANUARIE 2018**
**16/1/1**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en hou die aanbevelings voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***(Die Uitvoerende Burgemeester reël 'n koukusgeleentheid vanaf 10:15 tot 10:40)***

Na die koukusgeleentheid gee die Uitvoerende Burgemeester terugvoer en meld dat hulle die aanbeveling ondersteun, maar dat punt 4 in die aanbeveling vervang word.

Verder meld hy dat niemand binne Bergrivier Munisipaliteit enige media-verklarings mag uitreik ten opsigte van die waterkrisis nie, behalwe die Munisipale Bestuurder.

Die Munisipale Bestuurder lig die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in dat daar 'n berig in die Piketberger geplaas sal word, met alle inligting ten opsigte van die waterkrisis in Bergrivier Munisipale gebied, sowel as 'n nuusbrief uit die Kantoor van die Munisipale Bestuurder aan alle inwoners.

**BESLUIT**

1. Dat die verdere waterbeperkings (vanaf 40% tot 45%) met onmiddellike effek van toepassing gemaak word in Bergrivier Munisipale gebied met spesifieke toepassing op Piketberg en Velddrif (waar relevant);
2. Dat die besluit so spoedig moontlik skriftelik en elektronies gekommunikeer word deur al ons kommunikasie-kanale en aan alle gebruikers en vennote;
3. Dat die publiek heelhartig bedank word vir hul goeie samewerking en besparings sover en aangemoedig word om daarmee vol te hou en selfs te verbeter daarop; en
4. Dat alle lede van die publiek positief aangemoedig word om minder as 50 liter water per persoon per dag te gebruik.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN011/01/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *AD HOC* AMENDMENT OF THE 2012-17 MSDF: *STATUS QUO***
**15/1/5/9**

The Director Corporate Services took the Committee through the report, whereafter various inputs were made by the Committee members.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council adopt the *status quo report* compiled by CK Rumboll and Partners for the *ad hoc* amendment of the Municipality's 2012-17 Municipal Spatial Development Framework as required in terms of Section 7.(1)(a) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning.

***

**BKN012/01/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN013/01/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN014/01/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN015/01/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN016/01/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN017/01/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:50***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
30 JAN 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***